GEMEENTE. SUPPLEMENT 3

[KERKLIKE FEESDAG]

NUWEJAARSDAG: DIE DAG VIR EVALUASIE EN TOEWYDING

Inleiding. Nuwejaarsdag is belangrik vir baie mense. Ons wil leer hoe Christene die begin van die nuwe jaar vier. Ons sal leer dat dit belangrik is om die afgelope jaar te evalueer. Ons sal leer dat dit belangrik is om die korrekte beslissings en keuses te maak m.b.t. die nuwe jaar. En ons sal leer dat dit belangrik is om God te betrek by elke begin wat ons maak.

Psalm 90:10-12 sê: "Die dae van ons jare—daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet; want gou gaan dit verby, en ons vlieg daarheen. Wie ken die sterkte van u toorn en u grimmigheid, ooreenkomstig die vrees wat aan U verskuldig is? Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!" Elke Nuwejaarsdag herinner 'n mens aan die feit dat sy tyd op die aarde beperk is, dat ook hierdie jaar sal eindig en dat hy gou die einde van sy lewe gaan bereik. Elke Nuwejaarsdag is 'n geleentheid om die afgelope jaar te evalueer en om nuwe besluite en keuses vir die jaar wat voorlê te maak. 'n Christelike gesin of 'n paar vriende kan op Oujaarsaand of op Nuwejaarsdag hulle besig hou met die oorweging van 'n aantal belangrike vrae.

Die Bybel is 'n boek wat ons vertel *oor die begin* van belangrike dinge. Genesis 1:1 sê dat "in die begin" was God, wat die heelal geskep het, dáár. Dit openbaar ook die begin van die mensheid, die begin van God se doel met die skepping en die begin van die mens se taak op die aarde.

Maar die Bybel openbaar ook *die einde* van alle dinge. Dit vertel ons oor *die einde* van hierdie wêreld met al sy lande en regerings by die wederkoms van Christus. Dan sal Jesus Christus elke mens wat ooit geleef het oordeel volgens hoe hy of sy geleef het. Christene word dus daaraan herinner dat die God van die Bybel die Begin en die Einde van alle dinge is. Hulle word daaraan herinner dat hulle net saam met God 'n goeie begin met die nuwe jaar kan maak en dat hulle hul lewe net met God goed kan eindig. Daarom is Nuwejaarsdag 'n geleentheid vir Christene om die jaar wat verby is te evalueer en die verkeerde dinge in hulle lewens reg te stel. Die Nuwejaarsdag is terseldertyd 'n geleentheid om nuwe besluite te neem, nuwe keuses te maak en veral 'n nuwe toewyding te maak om hulle hele lewe in die hande van die lewende God te lê.

A. DIE NUWEJAARSFEES IS 'N GELEENTHEID VIR SELFONDERSOEK

Inleiding. Die Nuwejaarsfees is 'n geleentheid om jouself 'n aantal belangrike vrae te stel om die afgelope jaar te evalueer.

1. Die eerste Nuwejaarsvraag: "Was ek 'n ware Christen?"

Lees Johannes 3:16-18, 36; Johannes 5:24; 1 Johannes 3:9-10; 2 Korintiërs 13:5.
Ontdek en bespreek. Wat is die belangrikste vraag wat jy jouself sou kon afvra?

Die allerbelangrikste vraag wat 'n mens kan stel is: "Was ek 'n ware Christen?" 2 Korintiërs 13:5 sê: "Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie—as julle ten minste nie verwerplik is nie!" (NIV: "Examine yourselves to see whether you are in the faith; test yourselves. Do you not realise that Christ Jesus is in you - unless, of course, you fail the test?")

Daar is baie mense wat die nuwe jaar sonder Jesus Christus, en dus sonder die Lewende God begin. Elke mens wat nie in Jesus Christus glo nie, gaan verlore. Sy sondes is nie vergewe nie, God se toorn rus steeds op hom, en hy kry die ewige straf. Elke mens wat voortgaan om te sondig (voortgaan met sy afgode), die verkeerde blý doen en sy medemens nie liefhet nie, is 'n kind van die duiwel. Maar elke mens wat tot God terugkeer en in Jesus Christus glo, sal sekerlik nie verdoem word nie, maar het die ewige lewe! Hy sal nie meer voortgaan om te sondig nie, omdat hy uit God gebore is. Hy sal die regte dinge doen en sy medemens liefhê. En hy weet dat hy 'n kind van God is. Daarom moet elke mens homself ondersoek en op die proef stel.

Oorweeg. As jy nog nooit die Here Jesus Christus in jou hart en lewe ingenooi het as Verlosser en Here nie, doen dit sommer nou! Bid die volgende gebed: "Ons hemelse Vader, ek erken dat ek afgode dien en dus verlore is. Ek glo nou dat Jesus Christus vir my en in my plek aan die kruis gesterf het. Ek glo dat Hy uit die dood opgestaan het, lewe en as Koning van alle konings heers. Ek vra U om nou in my hart en lewe in te kom, al my sondes te vergewe en my afgode te vernietig en U nuwe lewe aan my te gee. Ek wil van Jesus Christus as my Leraar leer en Hom as my Heer gehoorsaam. Dankie dat U my gebed gehoor het. In die Naam van Jesus Christus. Amen."

2. Die tweede Nuwejaarsvraag: "Hoe het ek die afgelope jaar geleef?"

Lees Psalm 139:1-7,23-24; Johannes 8:32.
Ontdek en bespreek. Wat is die tweede belangrike vraag wat jy jouself sou kon afvra?

'n Tweede belangrike vraag wat jy behoort te stel, is: "Hoe het ek die afgelope jaar geleef?" Psalm 139 is *'n gebed van*

selfondersoek. Dawid besef dat hy nie volmaak of sondeloos was nie. Hy besef dat hy nie altyd weet van watter dinge in sy lewe God nie hou nie. Daarom bid hy: "HERE, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.. ... Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad! " (Psalm 139:1-3,23-24).

Oorweeg. 'n Dokter kan jou net help as jy erken dat jy siek is. Solank jy ontken dat daar iets fout is, kan niemand jou help nie. Jesus het gesê: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars" (Lukas 5:31-32). Wie sy sonde teenoor Jesus Christus bely, sal hulp en genesing ontvang van die beste dokter in die geskiedenis! Wie dit glo, hoef nie bang te wees om homself grondig te ondersoek of op die proef te stel ten einde sy diepste angste en gebeurtenisse in die verlede te konfronteer nie, omdat hy weet dat dit die beste en vinnigste manier is om genees te word!
Dus, voordat jy die nuwe jaar gaan begin, moet jy die moontlikheid van sondes en afgode in jou lewe ondersoek. "Is daar een of ander sonde of afgod in my lewe waaraan ek bly vashou?" "Is daar 'n verborge rede waarom ek God nie tevrede kan stel nie?" "Is daar 'n geheime sonde waaraan ek verslaaf is?" "Is daar 'n verhouding met iemand wat nie reg is nie?" Dink na oor die afgelope jaar en evalueer jou woorde en gedrag, jou motiewe en houdings en jou beslissings en keuses van die afgelope jaar. As jy voel dat iets nie reg is nie, maar nie presies weet wat verkeerd is nie, bid dan Psalm 139 as 'n gebed van selfondersoek. Gebruik hierdie Psalm om God te vra om jou te ondersoek en jou diepste wese op die proef te stel. Vra God om jou angste, seergemaakte gevoelens en aanstootlike gedrag bloot te lê. God weet altyd wat daar verborge in jou denke, hart of lewe lê, *maar Hy wil hê dat jy dit erken omdat Hy jou graag wil vry maak*! In Johannes 8:32 belowe Jesus: "Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak." Selfs die waarheid oor die donkerste kant van jou lewe sal jou vry maak!

3. Die derde Nuwejaarsvraag: Watter vooruitgang het ek die afgelope jaar gemaak?"

Lees Kolossense 2:6-7; 1 Timoteus 4:15-16.
Ontdek en bespreek. Wat is die derde belangrike vraag wat jy jouself kon afvra?

'n Derde belangrike vraag wat jy behoort te vra is: "Watter vooruitgang het ek die afgelope jaar gemaak?" Mense is lewende wesens en alle lewende wesens kan net *vooruit gaan of agteruit gaan en afsterf*. Soms dink mense dat hulle net stilstaan om 'n spesifieke probleem op te los of moeilikheid te oorkom. Maar selfs om aandag te gee aan 'n probleem of 'n moeilike situatie is vooruitgang! Nét lewelose dinge bly stilstaan. Die apostel Paulus spoor Timoteus aan: "Lê jou op hierdie dinge toe, leef daarin, *sodat almal jou vordering kan sien*. Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister."

Oorweeg. "In watter mate het ek tot eer van God geleef" (Romeine 11:36)? "Hoe het ek in Christus gebly" (Johannes 15:5)? "Op watter terrein het ek vooruit gegaan?" (1 Timoteus 4:15) "Hoe het ek my vrou/man en kinders liefgehad" (Efesiërs 5:25)? "Het ek ses dae 'n week goed gewerk vir my lewensonderhoud?" Hoe was ek betrokke by die uitbreiding van God se koninkryk" (Matteus 6:33)? "Wat wil God hê dat ek die komende jaar in my lewe verander of verbeter?" Maak tyd om te oorweeg wat jy moet verander of verbeter. Raadpleeg jou Bybel en praat met God in gebed.

B. DIE NUWEJAARSFEES IS 'N GELEENTHEID VIR TOEWYDING

Inleiding. Elke Nuwejaarsfees is 'n nuwe kans om belangrike besluite of keuses in jou lewe te maak. Sommige besluite of keuses kan die volgende wees: "Watter rigting wil ek in die volgende jaar met my lewe inslaan?" "Op wie gaan ek vertrou?" "Wat gaan ek met my tyd, talente, geleenthede of geld maak?" Wat is my doelwitte en prioriteite?" Die Bybel gee riglyne vir die volgende besluite en keuses:

1. Die eerste Nuwejaarsbesluit: "Ek gaan die regte koers met my lewe volg".

Lees Jeremia 6:16. "Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind."
Ontdek en bespreek. Watter pad gaan jy volg? Wat gaan die rigting van jou lewe wees die komende jaar?

Dis 'n belangrike besluit elke jaar oor watter rigting jou lewe ingaan. Elke Nuwejaarsdag staan jy weer op by 'n kruispad en moet jy besluit of jy links, regs, reguit aan ... of terúg moet gaan. Jy moet besluit of jy steeds die God van die Bybel gaan bly dien en sý weg bly volg. Jy moet kies of jy die goeie en regte weg gaan volg of die slegte en verkeerde weg. "Die beproefde weë" is 'n verwysing na die weg wat God al van die begin af by die skepping in die Bybel geopenbaar het. Bid en vra God om vir jou die goeie en regte weg aan te wys. Jy kan natuurlik ook op ander dae in jou lewe by so 'n kruispad te staan kom!

2. Die tweede Nuwejaarsbesluit: "Ek wil my vertroue op die HERE blý stel".

Ontdek en bespreek. Op wie gaan jy die komende jaar jou vertroue stel?

Lees Jeremia 17:5-10. **'**So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk. En hy sal wees soos 'n kaal bos in die wildernis, en hy sal nie sien as die goeie kom nie, maar dor plekke in die woestyn bewoon, 'n brakkerige en onbewoonde land. Geseënd is die man wat op die HERE

vertrou, en wie se vertroue die HERE is. Want hy sal wees soos ’n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in ’n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie. Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Ek, die HERE, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge.” Die keuse is of jy jou vertroue op mense (jou familie, jou leraar, jou werkgewer, jou regeringsleier, jou bankbestuurder, jou geestelike leier, ens.) of op die God van die Bybel gaan plaas. Wie sy vertroue op ’n mens stel, word soos ’n droë struik in die woestyn. Maar wie op die God van die Bybel vertrou, sal soos ’n boom wees wat naby water geplant is. God waarsku teen enige ongesonde of afhanklike verhouding met ’n ander mens.

Lees Spreuke 23:4-5; Matteus 6:25-34. Mense wie op materiële dinge soos geld en besittings vertrou, sal agterkom dat hulle pogings om rykdom te verwerf hulle sal uitput en dat hulle rykdom gou verdwyn. Mense wie waarlik op God vertrou, gee nie al hulle tyd en inspanning vir materiële dinge nie, maar soek eers die koninkryk (koningskap) van God en sake wat reg is in sy oë.

Lees Psalm 20:5-9. Mense wie op militêre mag soos perde en strydwaens of op moderne wapens vertrou, sal ontdek dat hulle hul sal moet afsloof en sal val. Maar wie op die HERE vertrou, word verlos. Die HERE sal hulle gebede verhoor en hulle sal regop kom en staande bly.

Lees Hosea 4:6; 1 Korintiërs 1:18-25. Mense wie alleen maar op wetenskaplike en filosofiese kennis vertrou, sal ontdek dat hulle soos dwase geword het in die oë van God. Maar wie op die HERE vertrou, is wys. Hy word nooit verwerp of vernietig nie, maar gered.

Lees Psalm 23:1-6. Mense wie op die HERE as hulle Herder vertrou, sal opmerk dat God hulle lei langs die regte weg, dat Hy dáár is as hulle deur donker dieptes loop, en hulle gehelp sal word teen hulle vyande.

3. Die derde Nuwejaarsbesluit: “Ek wil vooruitgang maak in my lewe”.

Ontdek en bespreek. Op watter terrein wil God hê dat ek vooruitgang moet maak gedurende die volgende jaar?

’n Belangrike besluit of keuse wat jy kan maak aan die begin van die jaar is om regtig vooruitgang te maak in jou lewe. Baie mense maak net vordering gedurende hul skooljare. Daarna hou hulle op om hulle te ontwikkel of begin selfs om meer agteruit as vooruit te gaan. Die Here Jesus Christus en die apostel Paulus leer Christene om vooruitgang te maak deur hulle hele lewe.

Lees Matteus 25:14-30. God gee aan elke mens één of meer talente. “’n talent” was ’n groot som geld. In die tyd van Jesus sou ’n gewone dagloner ongeveer twintig jaar lank moes werk om één talent te verdien! Die boodskap van hierdie gelykenis is dat elke mens getrou moet gebruik maak van die talente (gawes en geleenthede) wat God hom gegee het. Hy moet hulle op so ’n wyse gebruik dat God daardeur geëer word, sy koninkryk bevorder word en ‘die geringste broer’ (Matteus 25:40) opgebou word. God sal nalatigheid straf en ywer beloon. Hoewel alle mense nie dieselfde aantal talente kry nie, moet elkeen sy talente aanwend en meer verdien.

Lees Efesiërs 5:15-17. Verstandige mense loop saam met God en begryp wat die wil van die Here is. Hulle stel hulle visier op die hoogste doel en gebruik die beste praktiese middele om daardie doel te bereik. Hulle maak gebruik van alle geleenthede wat God hulle gee. As mens wil vooruit gaan, moet mens slim wees.

Lees Filippense 3:7-16. Paulus beskryf sy eie doel in die lewe om die Filippense aan te spoor om sy voorbeeld te volg. Sy lewensdoel is om Christus te *ken*, Christus te *verkry* en aan Christus *gelykvormig* te word. Hy rig hom op morele en geestelike volmaaktheid. Paulus glo dat God hom voor die skepping van die wêreld uitverkies het (Efesiërs 1:4). Hy is seker van sy verlossing (2 Timoteus 2:19). Maar hy glo nie in goddelike uitverkiesing sonder menslike verantwoordelikheid nie, of in goddelike verlossing sonder inspanning, of in goddelike sekerheid sonder om voortdurend op God se beloftes te bly vertrou, nie! Hoewel Christene nie volmaakte heiliging in hierdie wêreld kan bereik nie, moet hulle tog in die rigting vordering maak.

Lees 1 Timoteus 4:11-16. Paulus spoor Timoteus aan om ’n voorbeeld te wees in sy woorde, sy lewenswandel, liefde, geloof en reinheid. Hy spoor hom aan om die Bybel te lees, dit te verkondig en ander te onderrig. En hy spoor hom aan om te let op *sy lewe en sy leer*. Wanneer hy hieraan aandag gee sal ander mense sy vooruitgang kan opmerk.

C. DIE NUWEJAARSFEES IS ’N GELEENTHEID OM OP GOD SE BELOFTES AANSPRAAK TE MAAK

Inleiding. In sy soewereine wil het God ons ’n *beperkte vryheid gegee om keuses en beslissings te maak*, waarvoor Hy ons ook verantwoordelik hou. Byvoorbeeld, Hy hou ons verantwoordelik vir die waarhede in die Bybel wat ons glo of verwerp. Ons is verantwoordelik en aan God verantwoording verskuldig m.b.t. die hou van sy gebooie en m.b.t. ons gehoorsaamheid.

Maar op ander terreinen gee Hy ons geen vrijheid nie. Byvoorbeeld, ons kan nie die tyd en plek van ons geboorte kies nie en meestal kan ons ook nie ons omstandighede kies nie! Hy gee ons egter wel die vryheid om ons houding en reaksie ten opsigte van ons omstandighede te kies!

Elke Nuwejaarsdag is ’n geleentheid om ’n paar nuwe toewydings aan God te maak, veral om ons te onderwerp aan sy volmaakte wil. God wil dat ons ons vrywillig en van harte onderwerp aan sy geopenbaarde wil in die Bybel, d.w.s. dat ons kies om sy onderrig in die Bybel te glo en sy gebooie in die Bybel te gehoorsaam. En Hy wil dat ons ons in vertroue aan Hom onderwerp t.o.v. die omstandighede wat Hy in ons lewens toelaat. Laat ons daarom, in die komende jaar God betrek in alle nuwe ondernemings.

1. Die eerste Nuwejaarsbelofte: “Ek wil steun op God se teenwoordigheid in my lewe”.

Ontdek en bespreek. Wat belowe die Bybel in verband met God se teenwoordigheid?

’n Belangrike toewyding wat Christene sou moes maak aan die begin van elke jaar, is om te steun op God se teenwoordigheid in sy lewe, veral as hy moeilikhede deurmaak.

Lees Deuteronomium 1:29-33. God gaan Self voor sy volk uit en veg vir hulle. Waar ons as Christene die komende jaar ook mag gaan, *is God al daar voordat ons daar kom* en Hy sal aan ons sy wees en vir ons veg. Hy neem nie ons moeilikhede van ons weg nie, maar dra ons wel deur ons moeilikhede heen! Soos ’n vader sy seun op sy skouer dra deur die moeilike omstandighede in die woestyn, so dra God ons die hele pad totdat ons ons bestemming bereik!

Lees 2 Konings 6:15-17. Vyande wat Elisa en die inwoners van die stad wil doodmaak, omsingel hulle. Die dienaar van Elisa was baie bang. Toe open God sy geestesoë en laat hom sien dat die berg vol perde en strydwaens van vuur staan rondom Elisa om hom te beskerm! Soms laat God toe dat ons in moeilike omstandighede kom. Terwyl ons slegs die fisiese gevare en vyande kan sien, is God en sy engele wel daar aanwesig! Psalm 34:8 sê: “Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle.” In Jesaja 41:10 belowe God: “Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou. ” En in Jesaja 43:1-7 belowe Hy: “As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie (bv. Eksodus 14:22); as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie (bv. Daniël 3:20-26), die vlamme sal jou nie brand nie.”

2. Die tweede Nuwejaarsbelofte: “Ek wil steun op God se genade in my lewe”.

Ontdek en bespreek. Wat beloof die Bybel oor God se genade?

‘n Belangrike toewyding wat Christene elke nuwejaarsdag behoort te maak is om op God se genade te bly steun.

Lees Openbaring 3:7-8. Dit is net God se genade dat Hy deure van geleenthede vir ons oopmaak. Miskien gee Hy ’n geleentheid om te studeer, of ‘n beroep te vind of ‘n lewensmaat te trou. Hy maak deure oop om die evangelie aan ander mense te vertel of in sy koninkryk te dien. Selfs al probeer ander mense om deure te sluit, sê die Bybel: “So sê die Heilige, die Ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie, en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie.” Die politieke, militêre en godsdienstige leiers in die wêreld mag wel deure in ons lewens sluit, maar hulle kan dit alleen doen met sý soewereine toestemming! Nie húlle nie, maar Jesus Christus dra die sleutels! Nie húlle nie, maar Jesus Christus sluit ’n deur wat geen mens kan oopsluit nie. Nie húlle nie, maar Jesus Christus maak ‘n deur oop wat geen mens kan sluit nie! Christene glo in die soewereiniteit (almag) van God en Jesus Christus. Daarom moet Christene ook vertrou dat Hy elke jaar deure van geleenthede vir hulle sal oopmaak!

Lees Spreuke 27:1; Jakobus 4:13-17. Die Bybel waarsku ons dat ons nie moet roem oor die dag van môre nie. Niemand weet wat môre gaan gebeur nie! Niemand weet of hy nog môre gaan leef nie! Daarom bly ’n Christen op God se genade vertrou as hy elke dag van die komende jaar planne maak. Christene sê: “As de Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen.”

Lees 2 Korintiërs 12:9. Natuurlik kom elke Christen voor moeilikhede te staan. Maar God het ’n doel met elke moeilikheid. Paulus leer dat wanneer jy moeilikhede, siekte of vervolging teenkom, moet jy op God se genade bly vertrou. God het nie die moeilikhede uit Paulus se lewe weggeneem nie, maar het vir hom gesê “My genade is vir jou genoeg, want My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” Vertrou daarom op God se genade in jou moeilikhede, siektes en vervolgings, want God gebruik hulle om jou meer gelykvormig aan Christus en meer effektief te maak.

3. Die derde Nuwejaarsbelofte: “Ek wil steun op God se oorwinning in my lewe”.

Ontdek en bespreek. Wat beloof die Bybel oor God se oorwinning?

’n Belangrike toewyding wat Christene elke Nuwejaarsdag behoort te maak, is om van die begin van die jaar af op God se oorwinning te steun. As mens na die radio of TV luister, hoor jy baiekeer *slegte nuus*. Volke maak oorlog teen mekaar, mense lieg, steel en roof, molesteer die swakke en moor. Sommige polisie en regters verdedig nie die regte van die swakke en hulpelose mense nie, maar is partydig en neem omkoopgeskenke aan. Maar mense wie die Bybel lees kry altyd *goeie nuus*!

Lees Romeine 8:28-39. God leer dat die finale oorwinning aan sy volk en nié aan die vyande behoort nie! Die skrywer sê in vers 31:“God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? Vers 35 verduidelik dit net verder: “Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?” Daarom kan die verklaring in vers 37 verstaan word: “in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet”. Wat

daar ook al met Christene in die komende jaar gebeur, weet hulle dat hulle reeds die finale oorwinning van God (gekry) het!

Lees Matteus 13:41; Handelinge 3:21; Openbaring 21:27. Wat daar ook al in die wêreld gebeur, is nog nie die einde nie! Die finale einde van hierdie gebroke wêreld is die wederkoms van Jesus Christus, die opstanding uit die dood, die laaste oordeel, die verdoemenis van die goddelose en onregverdige wêreld en die vernuwing van die hemel en die aarde waarin alleen geregtigheid sal woon! Daarom, wanneer jy begin met die nuwe jaar, steun met vertroue op die finale oorwinning waaraan jy deel sal hê aan die einde van jou lewe op hierdie aarde! Daardie einde kom wanneer Jesus Christus terugkom of wanneer jy sterf.